Laerskool Bredasdorp Primary School
Buitekant Str, P. O. Box 160, Bredasdorp, 7280 - admin@lbps.co.za - Tel. 028 424 1334 - Fax. 028 425 1112 - www.bredasdorpprim.co.za

# BD-RAAD BELEID

1. **STEMPROSES**: Proses begin in Kwartaal 3

**Stap 1: Identifiseer leiers**

- Gr. 6-leerders van Laerskool Bredasdorp, ongeag wanneer hulle in die skool gekom het, neem deel aan 'n **leierskapontwikkelingsessie**.
- Leerders wat nie aan die sessie deelneem nie, kwalifiseer nie om op die stemlys te verskyn nie. Leerders kan wel deelneem en steeds die opsie uitoefen dat hul naam nie op die stemlys verskyn nie.
- Leerders wat gedurende hul Gr.6 jaar hulself aan dissiplinêre probleme skuldig gemaak het, kwalifiseer nie om op die stemlys te verskyn nie. Hulle mag wel steeds deelneem aan die leierskapontwikkelingsessie.
- Verdere vereistes om in aanmerking te neem om op stemlys te wees:
  - **AKADEMIE**:
    - Slaag kwartaal 1, 2 en 3 (met skoolhoof diskresie)
    - Indien verkies tot BD-Raad – volhou goeie vordering
  - **DISSIPLINE:**
    - *Die klem moet daarop geplaas word dat leerders wat gereelde dissiplinêre oortredings het, nie op die BD-Raad mag dien nie. 'n Sterk leier kan nie swak gedrag as 'n voorbeeld toon nie.*
    - **Kwartaal 2 - 4 van Graad 6**:
      - Kategorie 1 – 2: 3 of meer detensies = kwalifiseer nie
      - Kategorie 3 – 4: 1 of meer detensies = kwalifiseer nie
- Professionele aanbieders, verkieslik van buite die omgewing, kom bied 'n leierskapontwikkelingsessie aan.
- Personeel betrokke: Vir personeel om deel te wees van die daaropvolgende stemproses moet hulle of vir die Gr. 6-leerders klasgee, of hulle moet die leierskapontwikkelingsessie as toeskouers bywoon.
- Die Graad 6'e nomineer dan *12 seuns, 12 dogters* (hierdie dien dan as die nominasie-lys).
- Slegs met vooraf skriftelike verskoning sal 'n leerder van die sessie verskoon word terwyl die leerder se naam steeds as deel van die stemlys kan dien.

Buitekant Str, P. O. Box 160, Bredasdorp, 7280 - admin@lbps.co.za - Tel. 028 424 1334 - Fax. 028 425 1112 - www.bredasdorpprim.co.za

## Stap 2: Nominasie-lys

- Die 18 dogters en 18 seuns wat die meeste nominasies gekry het, kom dan op 'n finale stemlys. Hierdie stemlys van 36 leerders word alfabeties opgestel, ongeag die leerder se geslag.
- Die skakelonderwyser en alle Graad 6- en 7-onderrigpersoneel sit dan saam om seker te maak dat die finale stemlys volledig is. Hierdie komitee het die reg om name by die stemlys te voeg, maar nie af te haal nie.
- Na die leierskapontwikkelingsessie word leerders wat op die nominasielys verskyn, bekendgestel.
- Die finale verkiesingsproses word dan aan die leerders verduidelik. Daar word ook gesels oor die belangrikheid van leierskap, sowel as die stem proses.

## Stap 3: Verkiesing van BD-Raad

### Wie mag stem?

- Leerders: Alle Graad 6 en huidige BD-Raadslede mag aan die stemming deelneem.
- Personeel: Al die onderwysers wat vir die Graad 6 leerders klasgee en alle personeel wat die leierskapontwikkeling sessie bygewoon het, mag aan die stemming deelneem.

### Waar stem ons?

- Stemming vind in die rekenaarlokaal plaas. "Microsoft Forms" word gebruik om nominasie en stemming te doen. Dit word elektronies gedoen. Sodoende kan geen telfout gemaak word nie.
- Name verskyn op die elektroniese stemlys. 'n Aparte bladsy word by elke rekenaar geplaas met gekleurde foto's van die leerders op die stemlys. Hierdie name verskyn alfabeties, dogters en seuns apart. Fotobladsy sal geplaas word indien daar foto's beskikbaar is van leerders.
- Indien iemand afwesig is die betrokke verkiesingsdag, kan hy/sy nie stem nie. Niemand mag namens 'n ander persoon stem nie.

### Wanneer stem ons?

- Dieselfde week van bekendstelling word die verkiesing gehou.
- Nodige reëlings word deur betrokke personeel getref om leerders 'n regverdige kans te gee om hul stem te plaas.
- Leerders en personeel stem dan elkeen vir 16 leerders (minimum 4, maksimum 8 van 'n geslag).

Buitekant Str, P. O. Box 160, Bredasdorp, 7280 - admin@lbps.co.za Tel. 028 424 1334 - Fax 028 425 1112 - www.bredasdorpprim.co.za

Punte uiteensetting per stem:

| | |
|---|---|
| Graad 6-leerder: | 1 punt |
| Huidige BD-Raadslede: | 1 punt |
| Registeropvoeder, betrokke vakopvoeders en/of personeel wat leierskapsontwikkelingsessie bygewoon het: | 2 punte |

- Die 16 leerders met die meeste stemme vorm die BD-Raad behalwe in soverre 'n leerder van 'n spesifieke geslag kwalifiseer as gevolg van die toegewing wat gemaak word vir die meerderheid van 'n geslag. 'n Minimum van 25% ('n kwart, dus 4 leerders) van 'n betrokke geslag moet op die BD-Raad dien. Indien nommer 16 en 17 gelykop stemme het word beide tot die BD-Raad verkies.
- Die aankondiging van die BD-Raadslede word by 'n saalbyeenkoms gedoen.

**Stap 4: Hoofleiers**

- Nuwe BD-Raad volg eers 'n proeftydperk om mekaar te leer ken voor hoofleiers gekies word.
- Nie nuwe BD-Raad sal saam met die huidige BD-Raad beweeg en leer.
- Interne leierskapsessie (BD-Raad voogde bespreek verwagtinge en verantwoordelikhede)
- Spanbou – leerders identifiseer mekaar se sterkpunte en aspekte om aan te werk.
- Nuwe BD-Raad stem vir 4 hoofleiers om as nominasielys te dien (registeropvoeders/ vakopvoeders/ huidige BD-Raad ook betrokke by die stemming)
- Hoofleiers word gekies nadat die Raad verkies is.
- Die huidige en nuwe BD-Raad en personeel betrokke by die aanvanklike BD-Raad stemproses mag deelneem aan die stemming vir die hoofleiers.
- Elke betrokke persoon mag vir 2 seuns en 2 dogters stem. Die seun/dogter met die meeste stemme is die hoofseun/hoofdogter en die seun/dogter met die tweede meeste stemme is die onderhoofseun/-dogter.
- Indien daar 'n gelyke stemming by die hoofleiers is, stem slegs die betrokke personeel weer d.m.v. 'n elektroniese stembrief tussen daardie betrokke leerders.
- Die hoofleiers word by 'n daaropvolgende geleentheid aangekondig.

## 2. OUERKOMMUNIKASIE:

- Inligtingsessie word gehou met die ouers en BD-Raadslede.
- Verwagtinge, verantwoordelike en BD-Raad Erekode word bespreek (sien no. 4 – vereistes).
- Finansies: Bespreking van jaar se onkostes verbonde aan BD-Raad.
- BD-Raad kleredrag: Die skool voorsien 'n BD-Raad balkie.

Buitekant Str, P. O. Box 160, Bredasdorp, 7280 - admin@lbps.co.za - Tel. 028 424 1334 - Fax. 028 425 1112 - www.bredasdorpprim.co.za

- Hoofleiers word per kwartaal ingedeel:

| KWARTAAL 1: | KWARTAAL 2: | KWARTAAL 3: | KWARTAAL 4: |
|---|---|---|---|
| Komitee 1 | Komitee 2 | Komitee 3 | Komitee 4 |
| 4 BD-Raadslede | 4 BD-Raadslede | 4 BD-Raadslede | 4 BD-Raadslede |

- Begin van die jaar:
  - Verwelkom personeel terug aan die begin van die jaar.
  - Ontvang die Gr.1 leerders op hul eerste dag by die skool.

- Kwartaalliks:
  - Personeelfunksie: Verversings/dekor (bv. Ontbyt/tee aan die begin of einde van 'n kwartaal) Kan opgedeel word slegs een funksie per twee kwartale om finansiële impak te verlaag.
  - Verwelkoming by oueraande (vergesel ouers na klasse).
  - Werk by sportgeleenthede.
  - Elke kwartaal bied die betrokke komitee 'n saalopening aan.
  - Einde van die kwartaal gee die lede 'n opsomming/terugvoering oor die kwartaal se aktiwiteite by die laaste saalbyeenkoms.
  - Liefdadigheidsprojek

## 3. DEELNEMENDE EN DISSIPLINêRE VEREISTES: BD-Raad

**AKADEMIE:**

- Volhou van goeie vordering.

**SPORT & KULTUUR:**

- Deelneem aan ten minste een somer en een winter sport/ kultuur aktiwiteit.

**DISSIPLINE:**

*Die klem moet daarop geplaas word dat leerders wat gereelde dissiplinêre oortredings het, nie op die BD- raad mag dien nie. 'n Sterk leier kan nie swak gedrag as 'n voorbeeld toon nie.*

- **Indien verkies tot BD-raad:**
  - Eerste detensie – Dien nie verder op BD-Raad vir die betrokke kwartaal nie.
  - Tweede detensie – verloor plek in BD-Raad permanent.

Laerskool Bredasdorp Primary School
Buitekant Str, P. O. Box 160, Bredasdorp, 7280 - admin@lbps.co.za - Tel. 028 424 1334 - Fax. 028 425 1112 - www.bredasdorpprim.co.za

Hierdie beleid is gewysig deur:

Die skoolhoof mnr. Johan Vermeulen en die Skoolbestuurspan asook die skakelonderwysers, mnr. Dwayne Soekoe, Me Cassidy Edwards & Me Yolandi Vermeulen.

**DATUM**: 27 Oktober 2025

Geteken te Bredasdorp op hierdie 27e dag van Oktober 2025.

**BEHEERLIGGAAMVOORSITTER**

**SKOOLHOOF**